

“Even a footnote can be a tragic figure”¹ – Demitrios (Dimitri) Tsafendas (1918–1999) as literêre karakter

Leti Kleyn

Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria
E-Mail: leti.kleyn@up.ac.za

“Assassination is the extreme form of censorship”
– George Bernard Shaw (1934: 412)

On 6 September 1966, former prime minister Hendrik F. Verwoerd was assassinated in parliament by Demitrios Tsafendas. Whilst two books were published on this subject (Scholtz, 1967 & Schoeman, 1975), the individual responsible for this historical event disappeared from the public eye for more than three decades. During his appearance before the Truth and Reconciliation Commission, Tsafendas was reduced to a mere contextual component. A handful of people attended his funeral following deliberate efforts to keep this event too under wraps. Thirty two years later, Dutch author Henk van Woerden published the first biographical novel about Tsafendas – a work entitled *A mouthful of glass* (1998). As was the case with Tsafendas’s identity crisis, this book – and in particular the Afrikaans translation thereof by Antjie Krog (2000) – was received with much criticism and to date, uncertainty exists about how to categorise this mélange of truth and fiction. Two theatre productions based on Van Woerden’s publication followed in 2003 – both of which were performed and published (Krueger, 2003 & Sher, 2003). A number of references to Tsafendas subsequently appeared in various literary texts (amongst others Hirson, 2004 & 2011; Sher, 1995; Van Wyk, 1996; Vladislavić, 1989; Wicomb, 1987 & Winterbach, 1999). However, for the most part, both the person of Tsafendas and the events of 6 September 1996 have neither featured significantly in Afrikaans literature, nor in writings on historical events of the time. This investigation serves to determine whether literature and published history contribute more to a memory bank than history per se.

Key words: Reflective conversations, Demitrios Tsafendas, Henk van Woerden, *A Mouthful of Glass*, *Domein van glas*, South African literature, translation

“Even a footnote can be a tragic figure”¹ – Demitrios (Dimitri) Tsafendas (1918–1999) as literêre karakter

Die voormalige Eerste minister Hendrik F. Verwoerd is op 6 September 1966 deur Demitrios Tsafendas in die parlement vermoor. Twee boeke verskyn oor dié sluipmoordaanval (Scholtz, 1967 & Schoeman, 1975) maar die figuur verantwoordelik vir hierdie geskiedkundige gebeurtenis verdwyn vir meer as drie dekades grootliks uit die publieke oog. Voor die Waarheid- en versoeningskommissie word Tsafendas tot blote kontekstuele nota gereduseer en by sy begrafnis daag ’n handjie vol mense op nadat daar gepoog is om ook dié gebeurtenis uit die publieke oog te hou. Twee-en-dertig jaar later verskyn die eerste biografiese roman oor Tsafendas – *Een mond vol glas* (1998) deur die Nederlandse skrywer Henk van Woerden. Soos Tsafendas se identiteitskrisis word die boek, veral wat betref die Afrikaanse vertaling deur Antjie Krog (in 2000), besonder krities ontvang en is daar onduidelikheid oor hoe presies dié vermenging van feit en fiksie gekategoriseer moet word. Twee teaterstukke word op Van Woerden se publikasie gegrond én gepubliseer (Krueger, 2003 & Sher, 2003), en enkele verwysings na Tsafendas duik later in literêre tekste op (o.m. Hirson, 2004 & 2011; Sher, 1995; Van Wyk, 1996; Vladislavić, 1989; Wicomb, 1987 & Winterbach, 1999), maar grootliks vind Tsafendas én die gebeurtenis van 6 September 1966 (soos in die geskiedenis ook) besonder min neerslag in die Suid-Afrikaanse letterkunde. Hierdie ondersoek is daarop gemik om te bepaal of die literatuur en die boekgeskiedenis ’n beter geheuebank as die geskiedenis kan wees.

Sleutelwoorde: Reflective conversations, Demitrios Tsafendas, Henk van Woerden, *A Mouthful of Glass*, *Domein van glas*, Suid-Afrikaanse letterkunde, vertaling

Hierdie navorsingsartikel vorm deel van die Noordwes-Universiteit se praktykgegronde navorsingsprojek – *Reflective Conversations: Typography, Topography, Typology* – wat tussen 2012 en 2014 in drie fases op die Potchefstroomkampus aangebied is. Die projek stel dit ten doel (NWU: Artist Invite, 2012) om deelnemers op die gebied van kunsgeskiedenis, grafiese ontwerp en kreatiewe skryfkuns by ’n gemeenskaplike kunstenaarsprojek (2012), kunsuitstalling (Junie/Julie 2013) en navorsingsprojek (2013/2014) te betrek ter ondersteuning van:

- (i) Artists who want to pursue their creativity by making artworks, which relate to the specified concept
- (ii) Artists who want to do research on their own creative practice
- (iii) Researchers who want to reflect on the creative process, concepts and results
- (iv) Collaboration between artists and researchers to the mutual benefit of both.

Die idee vir ’n projek ontstaan ná die uitspraak van Henk van Woerden (2000: 156) rakende Tsafendas se graf en laaste rusplek: “[Dimitri Tsafendas’s] burial place has since remained unmarked. No tombstone has been erected above it. No sign identifies the spot. It has simply disappeared among the mounds, rubble and tangled grass in the immediate vicinity.”

Leti Kleyn (konsep), Tienie du Plessis (tipografie) en Edzard du Plessis (beeldhou) het vir die projek ’n grafsteen vir Dimitri Tsafendas – sluipmoordenaar van die Suid-Afrikaanse eerste minister dr. Hendrik F. Verwoerd – ontwerp en vervaardig. ’n Grafsteen vir Tsafendas sou breedweg die drie temas van *Reflective Conversations* kon betrek, naamlik tipografie (letterwerk/grafskrif), topografie (kaarte/rigtingwyser) en tipologie (klassifikasie/identiteit).



Afbeelding 1:
Tipografiese ontwerp vir die grafsteen van Dimitri Tsafendas (Tienie du Plessis).



Afbeelding 2:
Voltooide grafsteen vir Dimitri Tsafendas (Edzard du Plessis).

Hierdie kunstenaarsprojek het aanvanklike navorsing geverg ter bevestiging van gegewens rakende die aanhouding, sterfte, begrafnis en afwesigheid van ’n grafsteen; en ook omvattende geskiedkundige en literêre navorsing ná afloop van die uitstalling vir die doeleindes van die navorsingskomponent, o.m. kontekstualisering van politieke sluipmoorde in Suid-Afrika, beskikbaarheid van biografiese gegewens en inligting oor die persoon Tsafendas, neerslag van dié en ander sluipmoorde in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, en ook in die Suid-Afrikaanse letterkunde(s).

Nie alleen is daar besonder min (biografiese) inligting oor die *persoon* van Tsafendas in die openbare domein beskikbaar nie, maar was die bestaande inligting (tot ongeveer 1999 met die verskyning van Henk van Woerden se *Een mond vol glas* in vertaling in Suid-Afrika en Liza Key se dokumentêre film, *A Question of Madness: The Furiosus* vir die SABC in 1999) vir meer

as dertig jaar grootliks beperk tot die gepubliseerde *Verslag van die kommissie van ondersoek na die omstandighede van die dood van wyle sy edele dr. Hendrik Frensch Verwoerd* (Van Wyk, 1966). Argivale materiaal (van die hofsak, die kommissie van ondersoek en die Polisie diens) is opgeneem in die Suid-Afrikaanse Polisiemuseum en die Pretoriase tak van die Nasionale Argief (*kyk* Adams, 2011 vir 'n volledige uiteensetting van beskikbare [én verlore] argivale materiaal). Sedert 2000 is Van Woerden se biografiese roman ook plaaslik as Afrikaanse en Suid-Afrikaanse Engelse weergawes beskikbaar.

Sluipmoorde in Suid-Afrika

Die sluipmoord op eerste minister dr. Hendrik Verwoerd in 1966 word alom beskou as die eerste politieke sluipmoord in Suid-Afrika.² Só ongewoon was sluipmoorde in die Suid-Afrikaanse konteks dat die ondersoekspan in die *Verslag van die kommissie van ondersoek* bevind het dat nóg die hoofbode (mnr. Burger –verantwoordelik vir die aanstelling van ongeveer 90 bodes in die parlement), nóg die persoonlike lyfwag van Verwoerd (kol. Buitendach), nóg die hoof van die Suid-Afrikaanse Veiligheidspolisie (genl. Van den Bergh) nóg die speaker (mnr. H.J. Klopper) ooit die moontlikheid van so 'n aanval in die parlamentsgebou oorweeg het (Scholtz 1967: 5; Schoeman 1975: 107–116; *kyk ook* Heffer & Basson 1996: 5).

Met veranderende politieke toestande, strengere wetgewing en die totstandkoming van onder meer die Buro vir Staatsveiligheid (BOSS) en Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) begin politieke sluipmoorde in Suid-Afrika egter toeneem. South African History Online (2014a) voer aan (*kyk ook* Swanepoel 2007 & Winter 1981):

There is an extensive and disturbing history of politically motivated killings in South Africa. The apartheid state had a shocking and sometimes brutally effective record of inhumane laws, harassment, imprisonment, torture and other oppression to terrorize, silence or otherwise neutralize opposition. The list of those who were assassinated is long, and they come from a wide political spectrum. As political and historical events unfolded during apartheid rule, so too did the extremes of the state's response. The apartheid government became so organized that they held courses for killers in several highly secret assassin training camps across the country. Organizations such as the Civil Cooperation Bureau (CCB) reported only to a select group of senior defence, police and political leaders, and had access to vast and secretly budgeted funding to plot and carry out their bizarre projects. Resistance to apartheid from within and overseas grew tremendously in the 1980s, and effectively there was a low-grade civil war in progress in South Africa. This was regularly not confined to within its borders. Apartheid agents and assassins travelled to Maputo, Gaborone, Maseru, etc. in the frontline states, as well as reaching across the world to kill or maim their opponents with a variety of ghastly methods. These ranged from car (Albie Sachs) and parcel bombs (Ruth First, Ongopotse Tiro) to poisoning (Frank Chikane) and brutal murder (Victoria Mxenge). Later the term 'black-on-black violence' was coined by the National Party government to create division and mask the deadly work of their own agents.

Jacques Pauw (2014: 8–9) beskryf Eugene de Kock as “Suid-Afrika se suksesvolste sluipmoordenaar” en bereken dat dié Vlakplaasbevelvoerder “sowat 100 aktiviste binne en buite [die grense] van Suid-Afrika vermoor het” (*kyk ook* De Kock 1998 & Gobodo-Madikizela 2003).

Van die bekendste sluipmoorde (waarskynlik ook weens die groot aantal wat steeds onopgelos is), sluit onder meer die volgende in: Die politieke aktivis Ongopotse Tiro word in 1974 vermoedelik deur BOSS se Z-Squad in Botswana met 'n briefbom vermoor toe 'n student (by name Lawrence) vir hom 'n pakkie van die International University Exchange Fund (IUEF) gegee het. Die moord is nooit opgelos nie –ook nie deur die WVK-ondersoek nie (SAHO, 2014b).

Robert Smit (Suid-Afrikaanse verteenwoordiger op die Internasionale Monitêre Fonds) en sy vrou, Cora-Jean, word in 1977 in hulle huis doodgeskiet en die lyke word meervoudige kere met 'n mes gesteek. Die woorde RAU TEM word in die kombuis gespuitverf. Die WVK bevind dat dit waarskynlik die werk van BOSS was, maar die saak is steeds onopgelos (*kyk* Dolley, 2012).

Ruth First (anti-apartheidsaktivis) word in 1982 met 'n briefbom in Mosambiek vermoor – vermoedelik deur lede van die Suid-Afrikaanse Veiligheidspolisie, by name Jerry Raven en Craig Williamson wat in 1995 amnestie by die WVK ontvang het (SAHO 2014c).

Dulcie September (ANC-verteenwoordiger in Parys) word in 1988 in die straat voor die ANC-kantore doodgeskiet (SAHO 2014d). Die WVK bevind “the murder of Dulcie September was the work of French mercenaries contracted by South Africa”, hoewel dié uitspraak deur Groenink (2012) weerlê word.

Die Namibiese advokaat en SWAPO-lid Anton Lubowski word in 1989 (vermoedelik deur die BSB) voor sy huis op 'n kort afstand met 'n AK47 doodgeskiet. Regter Harold Levy (Namibiese hooggeregshof) noem die BSB-lede Joe Verster, Staal Burger, Abraham (Slang) van Zyl, Calla Botha, Leon (Chappie) Maree, Johan Niemoller junior, Wouter Basson (a.k.a. Christo Britz), Ferdi Barnard en Charles Wildschudt (voorheen Neelse) as aandadig aan die moord op Lubowski – 'n mening wat deur die WVK bevestig is maar nie geredelik as die waarheid aanvaar word nie (SAHO, 2014e; Groenink, 2012 en openbare uitsprake deur die Lubowski-familie).

Chris Hani word in 1993 deur die Poolse immigrant Janusz Walus in die oprit van sy huis doodgeskiet in 'n komplot deur hom en Clive Derby-Lewis om die land voor die eerste demokratiese verkiesing onregeerbaar te maak. Derby-Lewis en Walus word skuldig bevind en die doodstraf opgelê wat kort daarna (met die afskaffing van die doodstraf) tot lewenslange tronkstraf omgeskakel word. Hulle aansoek voor die WVK misluk toe daar bevind word dat hulle onafhanklik van die Konserwatiewe Party en dus met eie motief opgetree het (SAHO, 2014f; *kyk ook* Graybill, 2002: 7; Groenink, 2012; Smith & Tromp, 2009: 231–275).

Johan Heyns (kerkleier en voormalige moderator van die NGK) word in 1994 deur die sitkamervenster van sy huis (met vermoedelik 'n jaggeweër) doodgeskiet. Aanvanklik is Matthys de Villiers (ook bekend as Kaalvoet Thysie) van die moord verdink, maar is nooit daarvoor vervolgt nie en die saak is steeds onopgelos (*kyk* Venter 2008).

Sedert 1994 begin dié fenomeen in Suid-Afrika egter veral op provinsiale vlak toeneem. KwaZulu-Natal word beskryf as die “epicentre of political violence” (Buccus, 2013) en Mpumalanga as “notorious for political assassinations” (Yende 2011). Dié toestand, meen Jane Duncan (geparafraseer en aangehaal in Bullock 2013), is toe te skryf aan die verband tussen politiek, geld en mag:

The problem of political killings is complex and multi-faceted, but a number of researchers see the key issue as the link between money and power in South Africa. [...] ANC rule has led to a ‘fusing’ of political and economic spheres which means holding a government position is increasingly the surest route to a reliable income. This [...] raises the stakes significantly for those in power and contributes to an environment in which assassinations are more likely. [...] “Many if not most members of the ANC elite do not have an independent source of wealth creation other than the state [...] If they lose the access to the state, they lose everything – this is why the struggle for state tenders has become deadly.”

Gesien die belangrike rol wat politieke sluipmoorde in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het om politieke mag en beheer vir die apartheidsregering te verseker, sowel as die hernude

opwelling van sluipmoorde op grond van wat Bullock (2013) bestempel as 'n "deadly struggle for state tenders", is dit vreemd dat daar nie groter aandag aan Suid-Afrikaanse sluipmoorde, sluipmoordenaars en spesifiek ook Tsafendas geskenk word nie. Dorsman (*Oulitnet*³) voer immers aan dat vier van die belangrikste politieke sluipmoorde in internasionale verband in die sestigerjare van die vorige eeu plaasgevind het: H.F. Verwoerd, John F. Kennedy (deur Lee Harvey Oswald), Robert Kennedy (deur Shiran B. Shiran), Martin Luther King (deur James Earl Ray) en vra dan: "Maar wie weet nog wie de Zuid-Afrikaanse premier H.F. Verwoerd vermoordde?"

Die geskiedskrywing (wil-wil) vergeet

Adams (2011: 1) verduidelik die aanvanklike motivering vir haar studie oor Tsafendas as volg:

One thing that struck me [...] was the deep presence in people's consciousness of the day that Verwoerd was assassinated. Yet, nowhere in the contemporary excess of post-apartheid memorialisation, was there public acknowledgement of the importance of this event, or of the person responsible for its execution. [...] That the event has left a deep *impression* on the minds of individual South Africans is without a doubt, but the memory of the event has been consigned to a kind of psychic archive.

Scholtz (1967: 47) voer aan dat daar daardie dag 'n sigbare afname in gewone bedrywighede in die stede was. Bioskoopvertonings is oor die hele land afgestel en byeenkomste gekanselleer, eeufeesvieringe is opgeskort en in Heidelberg is selfs die ligte aangebring vir dié dorp se eeufeesvieringe afgeskakel. Teen die Weskus het duisende vissers hul nette neergelê. Verwoerd se dood is as 'n nasionale ramp beskou (Scholtz 1967: 53) en minister Trollip het aangekondig "dat dr Verwoerd Suid-Afrika was [...] en toe die dolk in sy hart gesteeek is, is dit in die hart van Suid-Afrika gesteeek" (aangehaal in Scholtz 1967: 58, *kyk ook* Hepple 1967: 198–201; Schoeman 1975: Vooraf). Henk van Woerden (2000: 6) beskryf sy persoonlike ervaring van die nuusonderbrekings en die afwagting van nuus oor die eerste minister soos volg: "Here and there people stood around radios. They spoke in low tones. An hour went by. Another thirty minutes. The stillness of the town was palpable. It was true: an entire country could hold its breath. Public life came to a halt. An unfocussed anxiety seemed to rustle through the streets" (*kyk ook* Spanoudes, 2004: 107–109 en Kakaza, 2001: 3 vir herinneringe aan die dood van Tsafendas en die ontstaan van die teaterstuk *Tsafendas* deur Anton Krueger, sowel as Sher, 2003: 7–8 vir sy ervaring wat aanleiding gegee het tot die drama *I.D.*). Vladislavić (in Truman 2011: 53) voer aan: "Verwoerd's assassination is a marker of a certain generation. It is quite amazing how often it comes up. As an event, it is about the killing of apartheid, an almost classical slaying of the apartheid idea. Everyone of my generation was grappling with that. As a writer or intellectual, the question was, 'How do you respond to it?'" (*Kyk ook* Morris, 2000 vir Jacobson se uitspraak oor sy fassinatie met Verwoerd en die motivering vir die vertaling in Engels.)

In Oosthuizen, Kleyn & Slinger (2013: 116) voer plaaswerker Dawid Slinger aan dat ook in die mees afgeleë dele van die land, die nuus mense nie ontgaan het nie:

"6 September 1966," onthou Dawid Slinger. "Toe is ek daar op De Vloeren. Toe is ek hoe oud? Seker agt jaar of so iets. [...] dan skeer my pa op De Vloeren. Dit was sy verjaarsdag, dis hoekom ek dit nog so goed onthou. Daar het 'n ander oom gebly. Dan in die agtermiddagson – hulle het altyd 'n break hier vieruur gehad – as dit vieruur is, dan moet ek sorg dat daar koffie gemaak word in my pa se klein potjie. Dan gaan ek nou na oom Daantjie en auntie Pop Storm toe. Hulle was baie siek, dan gaan ek nou agtermiddag na hulle toe. Hulle sit in die agtermiddagsonnetjie op die matras en dan luister hulle die Springbokradiostories. Maar daai tyd was 'n draadloos of 'n radio vir my vreeslik fassinerend. Ons ken nie dit eintlik in die Karoo nie. Dan sit ek nou hier voor hom, dan luister ek ook die ding wat

nou praat. Daai dag sit ek nog so voor hom toe raak die radio net ewe skielik stil in die storietyd, hy maak net piep-piep-piep. Alles is nou dood. Seker vir 'n minuut of twee, toe kondig hulle aan doktor Hendrik Verwoerd is nou vermoor daai dag. Nodeloos om te sê, toe is Springbokradiostories ook daar gesluit en ek sit met groot nuuskierigheid in die vaal Karoo op afwagting dat die storie moet begin.”

B.M. Schoeman se *Die sluipmoord op dr. Verwoerd* (1975: 57) betoog, nege jaar ná die sluipmoord, dat daar 'n behoorlike ondersoek gedoen moet word na die man wat Verwoerd vermoor het: “[D]ie daad wat hy op 6 September 1966 gepleeg het, is so afgrysig dat hierdie boek nooit gesluit kan word nie. Die Suid-Afrikaanse publiek is geregtig daarop om alles te wete te kom van hierdie man, sy agtergrond, sy verbintenisse en enige ander feite wat lig kan werp op sy daad [...]” Tog, ten spyte van pleidooie soos hierdie, so voer Adams (2011: 2) aan, is Tsafendas nie alleen uit die publieke oog verwyder en uit die geskiedskrywing weggelaat nie, maar daar het nooit waarlik genoegsame belangstelling in dié figuur ontstaan nie:

Demitrios Tsafendas is largely absent in South African historiography. Not a single scholar in the discipline has considered his life or his actions worthy of detailed historical analysis. Yet there is a substantial body of archival material on Tsafendas [...] Madness in South African historiography has been consigned to the archives and to the study of institutions for the insane.

Politiese en/of geskiedkundige erkenning sou hy dus nie kry nie (*kyk* Baines 2009: 6). Thurman (2011: 48) voer aan: “The apartheid government tried to conceal Tsafendas’s mixed race to preclude any notice that he had acted on behalf of black South Africans, replacing this information with the infamous story about the talking tapeworm, so it would seem that he acted out of madness rather than on the basis of political or moral position.” Onder die Nasionale Party-regering bring hy 31 jaar in die tronk deur – aanvanklik op Robbeneiland vir die eerste paar maande, waarna hy verskuif word na die dodeselle in Pretoria-Sentraal-gevangenis (vandag Kgosi Mampuru-gevangenis). Drie-en-twintig jaar daarvan was in eensame aanhouding (*kyk* Winter, 1981). Hoewel regter Beyers bevind het dat Tsafendas “nie 'n misdadiger is nie, maar 'n siek mens – geestelik siek, geestelik versteurd, geestelik onverantwoordelik”, word beveel dat “Demetrio Tsafendas hiervandaan geneem word na 'n tronk en dat hy daar aangehou word hangende die beskikking van die staatspresident van hierdie land” (aangehaal in Scholtz 1967: 113 & 115, *kyk* Scholtz 1967: 112–116; Schoeman 1975: 126; Winter 1981: 476–477 vir die motivering waarom hy in die tronk eerder as 'n inrigting aangehou moet word). Regter Cooper (*Oulitnet*) voer aan dat Tsafendas streng gesproke nooit juis verhoor is nie omdat hy nooit die geleentheid gekry het om op die aanklag teen hom te pleit nie.

Onder die ANC-regering word hy in 1994 oorgeplaas na die Sterkfontein- psigiatrisie hospitaal waar hy in 1999 aan longontsteking sterf (Van Woerden 2000: 152). Ten tye van die WVK-sitting is Tsafendas se rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis verskraal tot 'n “marginalized anecdote [...] It could be argued that had Liza Key not brought the matter to the attention of the Commission, his story would have gone unnoticed. [...] Tsafendas was neither victim nor perpetrator in the strict sense of the discourse of the TRC” (Adams 2011: 165).

In die biografie van Nelson Mandela (1995) word Tsafendas van enige politieke status onder 'n nuwe inklusiewe Suid-Afrikaanse regering ontnem as Mandela aangehaal word dat Verwoerd se dood “did not yield us any pleasure. Political assassination is not something I or the ANC have ever supported. It is a primitive way of contending with an opponent” (*kyk* ook Keyser 1999: 32; Pakendorf, *Oulitnet*; Van Woerden 2000: 81 & 164).

Die sluipmoord op Verwoerd word breedvoerig ondersoek en bespreek in J.J.J. Scholtz se *Die moord op dr. Verwoerd* (1967) en B.M. Schoeman se *Die sluipmoord op dr. Verwoerd* (1975). Jan Botha se *Verwoerd is dead* (1967) bespreek die sluipmoordvoerval, maar die publikasie fokus

grootliks op die politieke situasie voor en ná die moord op Verwoerd. In polities-ideologiese publikasies soos *Wat skuil agter Sluipmoord?* (Crowd & Revo 1967), *Die era van Verwoerd* (Marais 1992) en *The founders of the New South Africa* (Marais 1994) word die fokus geplaas op samesweringsteorie, verbandlegging tussen die sluipmoord op die Amerikaanse president John F. Kennedy (in November 1963) en weerlegging van die bevindinge in die *Verslag van die kommissie van ondersoek* (1966). Die genoemde samesweringsteorie word later ook in Elsdon (2009) se feiteroman, *The tall assassin*, opgehaal as daar gespekuleer word dat generaal Lang Hendrik van den Berg en minister B.J. Vorster ’n aandeel in die saak gehad het. Verder is daar inskrywings oor die sluipmoord self met beperkte vermelding van Tsafendas in publikasies oor ware misdadaadvoorvalle (o.m. Marsh 1991; Sifakis 1993); oor die kriminele reg (o.m. Hoctor 2011), kriminologie (o.m. Bezuidenhout & Collins 2007) en die politieke wetenskappe (o.m. Hepple 1967; Pike 1985; Posel 2009; Scheepers Strydom 1967); in joernalistieke oorsigte (Cillié 1980: 51–56; Crwys-Williams 1989: 356–361 & 362–365; Geyser 1972), kulturele oorsigte (o.m. Mantzaris 1999: 120–136), geskiedkundige oorsigte (o.m. Du Preez 2008), ensiklopedieë (o.m. *Standard Encyclopaedia of South Africa* 1970: 571–578), biografiese tekste (o.m. Grobbelaar 1966; ook oor Betsie Verwoerd – kyk Boshoff 1974 & 1993) én in spesiale huldigingspublikasies na aanleiding van die dood van Verwoerd (Hattingh 1967; Hefer & Basson 1996).

Slegs ’n paar van hierdie publikasies fokus op biografiese gegewens aangaande Dimitri Tsafendas – feite wat grootliks uit die *Verslag van die kommissie van ondersoek* bekom is. Die tweeband-biografiese publikasies oor Verwoerd (Scholtz 1974) maak slegs melding van Tsafendas se gemengde afkoms en beskryf hom as ’n skisofreen wat “geen besef van die werklikheid het nie en daarom nouliks tussen goed en kwaad kan onderskei” (Scholtz 1974: 312–313; *kyk ook* Van Woerden 2000: 11 vir kritiek op woordgebruik vir rasvermenging en Schoeman 1975, vir voortdurende verwysings na Tsafendas as ’n “halfnaaitjie”). Soos aangaande David Pratt (“Dit sal nie nodig wees om verder oor hom uit te wei nie” – aangehaal deur Scholtz 1974: 152), konkludeer Scholtz (1974: 312) aangaande Tsafendas: “Dit sal nie nodig wees om [...] breedvoerig op die verlede van Tsafendas in te gaan nie”. Die implikasie is dat die kommissie van ondersoek reeds al die nodige inligting oor Tsafendas opgeskryf het (kyk ook Wolf, 2012 vir ooreenkomste tussen die hantering van Pratt en Tsafendas in die Suid-Afrikaanse geskiedenis).

Joel Black (1991: 5–6) voer egter in sy *The aesthetics of murder* aan dat dié moordtematiek groot aftrek ook in die kunste en fiksie geniet:

Typically, murder has been the province of three major disciplines: sociology (as studied in academic institutions), criminology (as the basis of the legal and penal systems), and pathology (as determined by the medical, and specifically the psychoanalytic professions). Yet murder can be approached analytically from an entirely different angle. [...] For murder is as much a general cultural phenomenon as it is a specifically social, legal, or psychological problem. Besides being a daily subject in the news media, it is a recurring obsessive theme in a wide variety of artistic fictions. In this form, murder can be studied in a relatively disinterested mode as a morally neutral phenomenon, in contrast to the approach taken by the sociologist, the criminologist, and the pathologist, all of whom begin their investigation of actual murder with the assumption that murder is a moral problem and a social, as opposed to a metaphysical, evil.

Van Woerden stel hom dit met *A Mouthful of Glass* (1998) ten doel om die Suid-Afrikaanse trauma van apartheid deur Tsafendas se verhaal te rekonstrueer. “In that sense my book is a cautious attempt to achieve an *anamnesis* – a bringing back to the memory of that which has been forgotten” (Van Woerden, 1998: 159, oorspronklike beklemtoning). Dit is dan ook in hierdie doelstelling en verklaring waar Van Woerden die lyn tussen die geskiedskrywing en die letterkundige benadering tot die geskiedenis duidelik stel, sowel as die noodsaak beklemtoon

van ’n ondersoek na en publikasie oor Tsafendas se lewe, as hy sê: “To try to recall the prior history of someone’s illness is not the same thing as giving a diagnosis of it.”

(Sluip)moord en letterkunde

In Jay Hople se *The Killing Spirit: An Anthology of Assassins* (1996) word die karaktereienskappe van ’n sluip- of huurmoordenaar (“assassin”) in literêre fiksie – gegrond op Shakespeare se *Macbeth* – soos volg beskryf:

Disaffected and weary of life, a man who feels life has dealt him a rotten hand, a man with nothing to lose [...] The character profile is virtually always the same, whether the assassin appears in literary or pulp fiction, and irrespective of the era, country, or mode of expression, whether it be a short story, play, poem, screenplay or novel (Hople 1996: xii).

Alles eienskappe van karakters uit die fiksiewêreld wat sterk aan Dimitri Tsafendas herinner. Regter J.P. Beyers het na Tsafendas verwys as “’n niksbeduidende skepsel wat ’n nuttelose lewe gelei het” (Beyers, aangehaal in Adams 2011: 36). In die *Ver slag van die kommissie van ondersoek* word bevind dat “daar geen twyfel bestaan nie dat hy ’n wanaangepaste, verstote, gefrustreerde sukkelaar en boemelaar was. Hy is grootdoenerig, selfsugtig, gewetenloos en slu” (Van Wyk 1966: 16). Koerantopskrifte het gelui: “The pig some call him” (weens sy swak tafelmaniere), “Landlady tells of strange, untidy lodger” en “Tsafendas seen as bitter withdrawn” (aangehaal in Botha 1967: 160). Botha (1967: 160) verwys na hom as ’n “rolling stone who wandered and stumbled all over the world [...] a man who had a never-ending grouse against life in general”. Die matrose op die *Eleni* het gemeen “dat hy nie al sy varkies in die hok het nie” (Scholtz 1967: 7). Dr. Dönges (aangehaal in Scholtz 1967: 27) wat die mes uit Tsafendas se hande probeer stoei het, beskryf hom as “heeltemal besete”. Pakendorf (*Oulitnet*) vertel van sy ervaring met Tsafendas in die persgalery: “Hy was bode in die persgalery en ’n swak een. Bestel jy koffie, bring hy tee. Wil jy brandewyn hê, kry jy whisky. Hy het die verkeerde dokumente aangedra en in jou kantoor agter jou rug deur jou dokumente gekrap.” ’n Werkgewer van Tsafendas, mnr. Smorgenberg, getuig in Tsafendas se verhoor dat hy Tsafendas nie as mal beskou het nie, maar gemeen het “hy lyk ’n bietjie getik” (aangehaal in Scholtz 1967: 100); en die religieuse mnr. O’Ryan getuig: “Hy [Tsafendas] was nie van die gees van God gebore nie” en dit het hom aan “geestelike diepte ontbreek” (aangehaal in Scholtz, 1967: 101). Sy eie familie beskryf hom as ’n “eccentric, restless, troubling person to have in the house” (Van Woerden 2000: 82). Nelson Mandela (1995: 512) noem hom “the obscure white parliamentary messenger”. Venter (2000: 15) verwys na hom as ’n “frats van die geskiedenis”. Thurman (2011: 48) noem hom “a crazy inside-outsider who somehow managed to penetrate the corridors of power”.

Zuleiga Adams (2011: 10) kom tot die gevolgtrekking dat hy by sy sterfte “neither victim nor beneficiary; neither hero nor villain of the liberation movement” was. En Liza Key (1999), ten tye van sy begrafnis, beskryf hom as ’n “[d]isplaced person, sailor, Christian, communist, liberation fighter, political prisoner, hero”. Tereg sou Marais (aangehaal in Adams 2011: 191) dan kon sê: “Tsafendas and his tapeworm have had a consistent hold on the literary imagination”; die sluipmoord, die politieke nagevolge, die spekulasie rakende die motief, sowel as die skisofreniese sluipmoordenaar bied fassinerende materiaal waaroor geskryf sou kon word. Uiteindelik sien die omvang van wat wel opgelewer is, egter teleurstellend daar uit. Henk van Woerden se *Een mond vol glas* (1998) is die eerste biografiese (en literêre) teks oor die lewe van Tsafendas en dít verskyn meer as 30 jaar ná die geskiedkundige gebeurtenis (kyk ook die opmerking deur Van Coller 2001: 145).⁴ Dorsman (*Oulitnet*) gee een moontlike verklaring: “De Zuid-Afrikanen weten nog steeds niet beter of Demitrios Tsafendas was volkomen gestoord. Zuid-Afrikaanse

schrywers kunnen weinig met dit gegeven, en misschien is het daarom nooit tot een literaire verwerking gekomen van de moord op Verwoerd.”

Die literêre geheue Veeltalige Tsafendas

Tsafendas bly as vyftienjarige seun in Lourenço Marques agter as sy familie weens die streng rasbeleid sonder hom na Suid-Afrika verhuis. Hy het op dié ouderdom aandklas bygewoon en standerd vier in Portugees en standerd vyf in Engels geslaag (Schoeman 1975: 27) en word deur die Griekse winkeleienaar van die Akropolis, mnr. Sideris, in diens geneem waar hy koerante sorteer, boeke en tydskrifte pak en met die verkoopwerk help – ’n werk waarheen hy twee keer in sy tienerjare terugkeer (Van Woerden 2000: 48 & 49 & 55). In 1947 werk hy as vertaler (Van Woerden 2000: 66); tydens sy reise leer hy ’n veelvoud van tale aan en is hy later in sy lewe agt tale magtig. In 1959 word hy twee maande lank in diens geneem as Engels-onderwyser in Turkye (Schoeman 1975: 36). Tydens aanhouding in Mosambiek versoek hy dat boeke en leesmateriaal vanuit Pretoria aan hom gestuur word (Van Woerden 2000: 85–86) en toe hy in Suid-Afrika aankom, registreer hy in Durban by die plaaslike hof as vertaler uit Grieks en Portugees (Van Woerden 2000: 86). In Kaapstad arriveer hy met vuil klere en karige besittings en ’n aantal boeke:

Poems old and New, The Concise Oxford English Dictionary, A Hebrew Grammar, an Afrikaans Exercise Book, Orgetmen not defteri (property of the Tarhaban College, Istanbul), *An die Freunde Des Practical English, Compêndio da Gramática Francesca, Gramática de Xisonga*, a map of Athens, the Gideon Society Bible he had taken from the railwaymen’s hostel, and a medical manual about intestinal disorders and acute stomach ulcers (Van Woerden 2000: 90).

Tydens sy werk by die Marine Diamond Corporation deel hy ’n losieskamer met ’n busbestuurder. Dié verhouding versleg egter, omdat Tsafendas daarop aandrang om sy bedlamp tot laatnag te laat brand sodat hy kon lees (Van Woerden 2000: 101). Tydens sy aanhouding in die Pretoria-Sentraal-gevangenis versoek Tsafendas die volgende (ongeredigeerd aangehaal in Adams 2011: 125–126):

I need certain books, schoolbooks I mean which are difficult to obtain here, and will have to be purchased outside that also requires money. In order to understand the prison authorities I am trying to learn more Afrikaans. = I need a Groot Woordeboek Afrikaans-English, English-Afrikaans as the one in my possession is half-century old and many words and grammar have changed since then. I shall also need a Std IV Afrikaans reading school book, Gideons Afrikaans-English Bible, = A new School Atlas preferably college, = An English Oxford Collegiate Dictionary, or Encyclopaedia Britannica, As I am a very Cosmopolitan man, any other international Books for beginners such as Yiddish, self-taught French, Greek would be welcome. I am much too old to be in a place like Maximum. I am willing to give these books to the Prison Library after I have read them. At Maximum I see and hear the death marches [of] the prisoners every week.

Name of Books:

The meaning of Meaning
What price Glory
Man Must Fight by Gene Tunney
Britannia Divide and Rule
Britannia Rule the Waves
Britannia Waives the Rule
The Greenwich Meridian
On Alexander the Great Path
The Philosophical Theory of Relativity = Huxley.

A book for beginners of Music and a small instrument of music would be most welcome and would be allowed here and help me pass the time.

Later dui hy ook aan dat hy graag 'n boek oor sy lewe wil skryf (aangehaal in Adams 2011: 136):

Speaking of his experiences when he attended the Technical College in Johannesburg in 1941, he wrote,

“...when I attended classes the professors told me to sit at the corner. I was victimized so much that I had to abscond. I was so disgusted that I left for the U.S. and Canada. Because of all this, racialism ruined my whole life. I did not get my degree. However my brother did succeed and was working with Iscor. This is just a glimpse of my Experiences in an Abnormal World. I intend writing a Book if ever I have the opportunity, but medical attention is what I need at present.”

Tsafendas skryf nooit dié boek oor sy lewe nie, maar Van Woerden (2000: 19) stel dit met *A Mouthful of Glass* ten doel om die leser te herinner aan 'n (besonders tragiese) figuur wat oënskynlik bloot vergete geraak het. Theresa Biberauer (2000: 13) beskryf Tsafendas as 'n figuur wat aan die wêreld uitgebeeld is as 'n eendimensionele karikatuur wat tot sy dood en selfs ten tye van sy begrafnis uit die publieke oog verwyder is (*kyk ook* Van Woerden 2000: 144). Tydens haar besoek aan Henk van Woerden in Amsterdam vra iemand haar op die stasie uit na dit wat sy besig is om te lees. Sy antwoord: Ek lees oor die man wat Verwoerd vermoor het. Waarop die toehoorder reageer: “Oh, yes [...] wasn't he called Tsivilis or something?” Biberauer verduidelik: “Even villains have a history. If the perpetrator of a deed as important as the assassination of Verwoerd is known only as ‘Tsivilis or something’, the case for an amnesia is strong indeed” (*kyk ook* Burbidge 2000: 5; Mitchell 2000: 12; Robins 2000: 29–90).

Tsafendas in die letterkunde

Waar die geskiedenis dan te kort skiet, hoop ons sal die letterkunde aanvul en onthou. Tsafendas word in enkele romans, kortverhale en 'n liriek deur die verset(musiek)-groep Koos in herinnering geroep; drie dramastukke oor sy lewe is opgevoer, waarvan in boekformaat gepubliseer is; een dokumentêre filmmaker en een Nederlandse romanskrywer spoor sy lewe, sy menswees en sy bestaan ná afloop van die sluipmoordaanval sorgvuldig na.

Die titel van Chris van Wyk se debuutroman, *In the Year of the Tapeworm* (Ravan 1996), herinner aan Tsafendas in vele opsigte. Die roman handel oor 'n joernalis (Mandla ‘Scara’ Nhlabatsi) by *Black World*,

who yearns to write ‘tales of fantasy and imagination’. In the small hours of a Saturday morning he is awakened from a drunken stupor by urgent knocking at the door of his tiny Sofasonke home. Scara stumbles out of bed to find the most unexpected visitor imaginable staring into his incredulous red eyes: the white President of a beleaguered government and one of his ministers. They have come to ask a favour. And so begins an uproarious sequence of adventures, stranger than any Scara’s overheated mind might have invented ...


Die motto van die boek, ontleen aan *The New Modern Medical Counsellor*, lui: “Ordinarily a tapeworm has a double life history”. Wanneer die president en sy minister die klein sitkamertjie van Scara binnekom, wil laasgenoemde praat, maar: “A word without the letters of the alphabet slithered out of my throat like the tapeworm that’s been feeding off my sanity, the same species of tapeworm, possibly, that had caused the death of the ninth president of the white minority government a few years ago”. Zoë Wicomb se kortverhaalbundel *You can’t get lost in Cape Town* (1987: 77) skryf: “Desire is a Tsafendas tapeworm in my belly that cannot be satisfied

[...]”. In Ivan Vladislavić se *Missing persons* (1989) word twee kortverhale oor die historiese gebeure, naamlik “The Prime Minister is Dead” en “Tsafendas’s Diary”, opgeneem. In albei hierdie verhale word feitlike gegewens met die verbeelde vermeng sodat dit as allegorie van die ware gebeurtenis beskou kan word (*kyk* Truman 2011: 46–69 vir ’n volledige beskrywing van die twee verhale). Anthony Sher se *Cheap Lives* (1995: 62–66, 81–84 & 98–99) beskryf Tsafendas se aanhouding en die wangedrag van die bewaarders teenoor hom (*kyk ook* Winter 1981). In Ingrid Winterbach se roman *Buller se plan* (1999: 85) kondig Truth Pasha aan:


Die dorpsmuseum is boeiend [...] maar die Verwoerd-huis is ’n belewenis! (Die vroue stem saam in ’n geesdriftige koor.) ’n Apartheidsmuseum – opgedra aan die argitekte en implementeerders van die apartheidsera. Die helde, sê Alberta Bourgeois. Dit is geborg deur die Orania-stigting, sê Truth Pascha, doktor Verwoerd se pak waarin hy doodgesteek is in die parlement is daar – vars gepress en ge-Preen. Die wurm van Tsafendas in ’n bottel. ’n Canfruitbottel, sê Alberta Bourgeois. Die visstok, die slaapklere, die warmwatersak, die goue vulpen, alles, alles! sê Truth Pascha.

In Denis Hirson se *I Remember King Kong (The Boxer)* (2004: 27), ’n herinnering aan sy grootwordjare in Suid-Afrika (1940’s–1960’s), asook in sy *The dancing and the death on Lemon Street* (2011), word Tsafendas en die dood van Verwoerd eweneens in herinnering geroep. Bernard Odendaal se *Onbedoeldeland* (2007: 18) sluit die gedig “slupmoord” in – ’n toespeling op die dag wat Verwoerd vermoor is. Die grootste literêre toevoeging tot op hede is en bly egter die kreatiewe niefiksie-publikasie deur die Nederlandse skrywer Henk van Woerden.

’n Publikasiegeskiedenis van Henk van Woerden se Een mond vol glas (1998)



Afbeelding 3:
Eerste Suid-Afrikaanse Engelse uitgawe (Jonathan Ball Publishers, 2000) se omslag is dieselfde as die internasionale Granta-uitgawe.



Afbeelding 4:
Tweede druk van die Suid-Afrikaanse Engelse uitgawe (Jonathan Ball Publishers, 2006) met ’n nuwe omslagontwerp.



Afbeelding 5:
Eerste Afrikaanse uitgawe (Queillerie, 2000) met ’n foto van Tsafendas as kind en prominente vermelding van Krog as vertaler (*kyk* afdeling 5.5).



Afbeelding 6:
Tweede druk van die Afrikaanse uitgawe met foto’s van Tsafendas op die voorgrond en van Verwoerd in die agtergrond.

Een mond vol glas word in 10 tale in 14 verskillende uitgawes gepubliseer. Dit sluit onder meer Engelse en Afrikaanse vertalings in, maar ook Spaans, Frans, Portugees, Italiaans en Grieks – vyf tale wat Tsafendas self ook magtig was.⁵ Die volledige publikasie- en vertaalgeskiedenis sien as volg daar uit (Nederlandse Letteren Fonds 2014⁶):

- 1998 *Een mond vol glas* verskyn by die Nederlandse uitgewer Podium.
- 2000 *A Mouthful of Glass* (in Engels vertaal deur Jan Jacobson) verskyn by Granta Books (London). Herdruk in 2001 as *A Mouthful of Glass: The man who killed the father of Apartheid*, by Granta Books (London).
- 2000 *The Assassin: A story of rage and race in the land of Apartheid* (in Engels vertaal deur Jan Jacobson); verskyn by Metropolitan Books (New York). Heruitgegee in 2002 deur Picador (New York).
- 2000 *Domein van glas* (in Afrikaans vertaal deur Antjie Krog) verskyn by Queillierie (Kaapstad).
- 2000 *A Mouthful of Glass* (in Engels vertaal deur Jan Jacobson) verskyn by Jonathan Ball Publishers (Johannesburg).
- 2001 *En verden af glas* (in Deens vertaal deur Aino Roscher) verskyn by Tiderne Skifter (København).
- 2001 *El Asesino* (in Spaans vertaal deur Marta Arguilé) verskyn by Mondadori (Barcelona).
- 2001 [*Anaparastasi mias dolofonias*] (in Grieks vertaal deur Joanna Dullaart & Katerina Papadopoulou) verskyn by Kedros (Athéna).
- 2001 *Glasskår i munnen* (in Noorweegs vertaal deur Guro Dimmen) verskyn by Gyldendal (Oslo).
- 2002 *Der Bastard: Die Geschichte des Mannes, der den südafrikanischen Premier ermordete* (in Duits vertaal deur Gregor Seferens) verskyn by Berlin Verlag (Berlin). Herdruk in 2006 deur Berliner Taschenbuch (Berlin).
- 2002 *A boca cheia de vidros* (in Portugees vertaal deur Maria João Cordeiro) verskyn by Temas e Debates (Lisboa).
- 2004 *La bouche pleine de verre* (in Frans vertaal deur Pierre-Marie Finkelstein) verskyn by Actes Sud (Arles).
- 2006 *L'assassino* (in Italiaans vertaal deur Franco Paris) verskyn by L'Ancora del mediterraneo (Napoli).

Suid-Afrikaanse Engelse (Jonathan Ball) en Afrikaanse (Queillierie) weergawes verskyn in 2000. Hoewel daar heelwat voorafbemaking en -blootstelling aan Antjie Krog se vertaling in die Afrikaanse media gegee is, is die ontvangs daarvan – weens die tematiek sowel as die kwaliteit van die vertaling – nie juis positief nie (*kyk* Van Coller 2000: 8; Venter 2000: 15). Die is die teenoorgestelde van die ontvangs en bekroning wat die oorspronklike publikasie in Nederland ontvang het. Dit wil egter ook voorkom asof die publikasie moeilik kategoriseerbaar is as òf fiksie òf niefiksie, en verskillende opinies onder resensente ontlok het.

Kategorisering van Henk van Woerden se Een mond vol glas (1998) – biografie, reisverhaal, roman of niefiksie?

A Mouthful of Glass word in Engelse dag- en weekblaie uiteenlopend in resensies en besprekings gekarakteriseer, o.m. as “a biography with fictional reconstruction” (Biberauer 2000: 13), sowel as “autobiographical biography” (Meyer 2002: 5), “semi-fictional biography” (Rosenthal 2002: 1), “creative non-fiction” (Isaacson 2000: 22), “faction” (Welz 2000: 12) en “[something that] sits on the borderline between fact and fiction, history and auto/biography” (Adams 2011: 150). In die Afrikaanse pers word dit aangekondig as “feiteroman” (Keyser 1998: 14), “roman” (Hough 2000: 17; Van Coller 2000: 8 & Venter 2000: 15), biografie (Brink 2000a: 24) en “reisverhaal” (Hough 2000: 11). Twidle (2012: 8) verklaar dié tiperingverskuiwings met betrekking tot genre en grense: “[D]uring apartheid, it was the domain of literary fiction, specifically the short story and the novel, which provided the most acclaimed versions – or to use Ezra Pound’s phrase, the news that stayed news – of this southern African society; in the decades post-apartheid, when one would have expected an efflorescence of experimental, unconstrained fictive modes, the most significant literary production is judged to have shifted decisively into the realms of non-fiction.” Hierby sluit Brown & Krog (2011: 57) se gesprek oor *creative non-fiction* aan, as Brown meen: “Creative non-fiction has become in a sense ‘the genre’ of South African writing [...] writing which makes its meaning at the unstable fault line of the literary and journalistic,

the imaginative and the reportorial” (*kyk ook* Zajas 2014a & 2014b vir argumente teen die “gemengde genres” en die opmerking van Graybill 2002: x oor kritiek op die bruikbaarheid van hierdie genretipering vir geskiedkundige doeleindes).

Visagie (2002: 190) voer aan dat Van Woerden “hom doelbewus daarvan weerhou om sy werk te onderwerp aan beperkende genrekonvensies”. Hibriede genres word dus geskep, gekenmerk deur die “afwesigheid van enige genre aanduidings, hetsy ‘roman’, ‘biografie’ of ‘reisverhaal’, op die titelbladsye en omslae”. In die reeks Suid-Afrikaanse romans deur Van Woerden word *Moenie kyk nie* (1992)⁷ gekategoriseer as outobiografiese fiksie; *Tikkoes* (1996) as vermenging van reisverhaal, outobiografie en fiksie; en *Een mond vol glas* (1998) as biografie en literêre joernalistiek (Visagie 2002: 190–191):

Die genres van die joernalistiek en die biografie word sentraal geplaas in die ondersoek na die lewe van Tsafendas [...] Van Woerden beklemtoon dat sy boek streng op die feite van Tsafendas se lewe gebaseer is, feite wat kom uit argiefstukke óf private gesprekke met hom. Hy wou hom weerhou van te ‘veel spekulatiewe toevoegingen’, maar gee wel toe dat sy indrukke van Tsafendas se innerlike gedagte-wêreld nie geheel en al op feite gebaseer is nie – ‘instinct’, ‘influistering’ en ‘intuïtief’ is die woorde wat Van Woerden gebruik om sy weergawe van Tsafendas se gedagtes en gevoelens te beskryf.

In die Engelse media is die ontvangs heel positief en die resensies toegespits op die feitelike inhoud van die boek eerder as Jacobson se vertaling of probleme met die kategorisering. ’n Aantal resensente spreek hulself in die Engelse media positief uit oor Van Woerden se boek en stem grootliks saam dat Van Woerden sy doelstelling, om Tsafendas terug in die publieke oog te bring, bereik (Biberauer 2000: 13; Burbidge 2000: 5; Isaacson 2000: 18; Mitchell 2000: 12; Randall 2000: 141; Rossouw 2001: 79). Slegs Betty Welz (2000: 12) se mening “that the book amounts to very little” en haar waarskuwing dat “Van Woerden has given us a lyrical work of fiction. It should not be mistaken for biography” getuig van kritiek en ’n negatiewe ontvangs. Die Engelse vertaling word dan ook in Suid-Afrika met die Sunday Times Alan Paton-toekenning bekroon (toegeken aan niefiksieboeke) vir die “innovative approach to biography writing and the telling of history” (Anstey 2001: 1).

Negatiewe ontvangs van die Afrikaanse vertaling

H.P. van Coller (2002: 136) meen dat Van Woerden se biografie, ten spyte van befondsing en ’n “opspraakwekkende” tema, steeds deur Afrikaanse uitgewers as “waagstuk” beskou is en Antjie Krog, weens haar politieke status, “gewerf” is om die teks te vertaal. Een bewys hiervan is die reklametekste vir dié publikasie, wat Krog as vertaler telkens vooropstel – ook op die voorblad van die publikasie en prominent op die titelblad (Van Coller 2002: 140). Verder voer Van Coller (2002: 137) aan dat daar ’n aantal kanoniseringsstegnieke ter sprake kom as die media die fokus plaas op Van Woerden se uitgebreide navorsing, die bekroning van die teks in Nederland, sowel as die topverkoperstatus wat dit daar geniet, die fokus op die tale waarin dié teks vertaal sal word, en die Afrikaanse boek se bekendstelling by die KKNK (Klein Karoo Nasionale Kunstefees) in die vorm van ’n paneelbespreking “waaraan ‘groot geeste’ sal deelneem” (*kyk* Barnard 2000: 43; Morris 2000: 10; Rosenthal 2002: 1 vir uitsprake deur die Engelse en Afrikaanse vertalers). Dus ’n doelgerigte poging om die prominensie, status en bemerkbaarheid van die teks te verhoog.

Hoewel daar in enkele resensies melding gemaak word van vertaalprobleme in die teks (o.m. Brink 2000a; Venter 2000; Wasserman 2000: 15), is dit egter H.P. van Coller wat in ’n resensie (Van Coller 2000: 8) sowel as ’n akademiese artikel (Van Coller 2002) op ernstige probleme en gebreke wys “wat strek van die leksikale vlak tot by register-, styl- en interpretatiewe foute”

(Van Coller 2002: 142). Hierdie vertaalprobleme het te make met die titel, styl, ideologiese wysigings, grammatikale tyd, taalfoute en registerprobleme (Van Coller 2002: 146–159). Van Coller (2002: 160) vervolg: “Krog se vertaling vertoon myns insiens mankamente (sic.) wat betref tekstuele interpretasie (soos ten opsigte van die titel), begrip van die Nederlandse idiome en benamings, Nederlandse woordbetekenis en register en vreemd genoeg vir ’n digter, ’n onvermoë om te vertaal in korrekte en soepel Afrikaans. Voorts is daar talle wysigings van ideologiese aard wat neerkom op verwerking en nie vertaling nie.”

Positiewe kommentaar in die Afrikaanse media is o.m. uitgespreek deur Dorsman (*Outlitnet*) as hy skryf: “Van Woerden heeft met dit boek een mythe vernietigd, en Tsafendas een heel leven teruggegeven.” Harald Pakendorf (*Oulitnet*) meen die boek is ’n “[v]ermensliking van ’n sluipmoordenaar. Die blootlê van die onmenslikende stelsel.” Regter Wilfrid Cooper (wat die verdediging van Tsafendas gelei het) skryf Van Woerden se boek (soos ook die dokumentêre film van Liza Key) “has effectively brought him from obscurity and put him back in the public eye, bringing to the surface questions and conjectures which for many years have lain dormant” (Cooper, *Oulitnet*). Keyser (1998: 14) voer in sy resensie van die Nederlandse weergawe aan dat Van Woerden aktuele sake in die Afrikaanse literatuur aanspreek wat Nederlandse skrywers nie juis interesseer nie, en dat die roman gesien sou kon word as deel van die “waarheidskommissie-literatuur”.

Dit is egter duidelik uit die resensies dat resensente Van Woerden se boek nie maklik in ’n kategorie kon plaas nie. Die resepsie en beoordeling van dié boek blyk in die Afrikaanse pers (anders as die positiewer Engelse berigte en resensies) grootliks gekoppel te wees aan ideologiese opvattinge en/of die gehalte van die vertaling – dus óf teen óf simpatiek teenoor Tsafendas en óf teen óf vir Krog met haar politieke reputasie. Jaap Marais gaan so ver as om Krog te beskryf as ’n “ultra-liberalis, wat besliste kommunistiese bande het” (Marais 2000a: 7 & 2000b: 7). En Van Coller (2002: 142–145) som in ’n bestekopname van die resepsie in die Afrikaanse media die ontvangs as volg op: Dat Herman Wasserman die boek “buite die sikliese verband lees” en nie genoegsaam op sy kritiek op die vertaling uitbrei nie (dus nie literêr genoeg daarmee omgaan nie). Jaap Marais se tweeledige bespreking word beskou as ’n “verlengstuk van die linkse komplot ten tye van dr. Verwoerd se dood [... en dat] Van Woerden in werklikheid bitter min nuwe gegewens rondom Tsafendas en die sluipmoord aan die lig bring, maar dit [wel] op ’n ander wyse interpreteer” (Marais 2000a en 2000b; *kyk* Van Woerden in Biberauer 2000: 13 vir Van Woerden se teenoorgestelde doelstelling) (dus nie juis ’n literêre of ander bydrae met die boek maak nie). LS Venter se resensie word deur Van Coller as “verdoemend” beskou wat die vertaling betref; en Barry Hough se respons “is veel minder literêr-georiënteerd [...] en getuig eerder van ’n sterk politieke simpatie met die uitgangspunte van Van Woerden”. Van Coller (2001: 150–152) self het ook veel kritiek teen die boek en die vertaling uit te spreek as hy, onder meer, meen: “Polities kan mens hom dalk vergewe; literêr gesproke is ek minder vergewensgesind.”⁸ Van Coller se uitgebreide navorsing (2000: 8; 2001: 137–154; 2002: 129–163 & Van den Berg & Van Coller 2012: 353–367) vorm dan ook bykans die enigste Afrikaanse akademiese werk wat oor hierdie publikasie gedoen is.

Gevolgtrekking

As Adams (2011: 9) skryf dat “Tsafendas as character has proved a fertile inspiration of creative and imaginative works” en dat “[t]his is not surprising, as literature, theatre and film have always been more adept and comfortable with domains of experience that cannot always be articulated

within the rational paradigms of historical knowledge”, wys sy op die verskynsel dat die letterkunde en kunste ’n geheuebank van die geskiedenis is of kan wees. Hoewel dit eerder die karakter en die *persoon* van Tsafendas is wat in die letterkunde verbeeld word, is dit steeds maar ’n skrale en jammerlike literêre gedenking van iemand wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis onuitwisbaar gemerk het. Jammerlik ook, is die beperkte literêre navorsing wat Van Woerden se besondere en belangrike biografiese roman opgelewer het, en die negatiewe ontvangs daarvan deur sekere Afrikaanse letterkundige kritici. Of dié roman (in die Afrikaanse vertaling) en enige van die ander literêre verwysings of selfs van die ander kreatiewe produkte beskou kan word as ’n beter geheuebank vir dié bepaalde voorval in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, is te betwyfel. Van Woerden se roman het waarskynlik – veral wat die Afrikaanse vertaling betref – nie die nodige impak op die (Suid-)Afrikaanse letterkunde gehad wat vir blywendheid en sentraliteit van kanonposisie sal sorg nie. Dit is ’n groot leemte, want soos Edward Quinn (2004: x) meen, en soos die Suid-Afrikaanse geskiedenis – wat sluipmoorde betref – getuig: “Not having been taught to look for history and literature in terms of interconnected recurring cycles, [we] had treated the past as the past and, thus [...] were condemned to repeat it.”

Notas

- 1 Die titel van hierdie artikel is ontleen aan die uitspraak van James Mitchell in die resensie “Driven to madness by life of rejection” van Henk van Woerden se *A Mouthful of Glass* (vertaal deur Dan Jacobson) (Mitchell 2000: 12).
- 2 Op 9 April 1960 misluk David Beresford Pratt (Engelse boer en sakeman) se poging om die Suid-Afrikaanse eerste minister dr. Hendrik Verwoerd te vermoor. Pratt skiet Verwoerd tydens die opening van die Unie Skou op ’n kort afstand twee keer met ’n .22-pistool in die gesig, maar Verwoerd herstel in die daaropvolgende twee maande, op merkwaardige wyse, volkome van sy beserings. Pratt (’n epileptisielyer) word weens psigiatriese redes nie krimineel vervolgt vir hierdie sluipmoordpoging nie, maar in ’n Bloemfonteinse psigiatriese hospitaal opgeneem waar hy in 1961 selfmoord pleeg (*kyk* Wolf, 2012, vir ’n volledige dokumentering van dié individu se lewe en die gebeurtenis).
- 3 Geen datums kon vir die *Oulitnet*-bronne opgespoor word nie.
- 4 Die sluipmoord op Dulcie September word in Lydia van Eeden se outobiografiese roman, *Die verlore saak* (Praag, 2004), opgeskryf as die sluipmoord op die karakter Dawn Sutcliffe. Oor die lewe en die dood van Anton Lubowski verskyn die romans *On Solid Ground* (deur Gabrielle Lubowski, 2011, by CreateSpace Independent Publishing Platform) en *The hour of the Jackal* (Bernhard Jaumanns, 2011, by John Beaufoy Publishing).
- 5 Tsafendas was agt tale magtig. Van Woerden (2000: 41) bestemple hierdie taalvaardighede as ’n gevolg van sy onstabiele lewe: “After a couple of terms in the Transvaal his command of English was still limited, but he could speak it freely enough. At the age of twelfth or thirteen [he] was familiar with five languages, but he could speak none of them correctly. His Arabic lay in the past. The same was true of Shangaan, the local African language, which he had learned from the mission-school children. He dislikes Afrikaans [...] which struck him as a language appropriate to the country: one of naked, stony sounds. In Middelburg he dreamed in Greek and woke in Afrikaans.” Scholtz (1967: 11) voer aan dat dit van die persmanne in die parlement opgeval het dat Tsafendas se Afrikaans swak was en sy Engels hom soms in die steek gelaat het.
- 6 Beide Suid-Afrikaanse uitgawes is op hierdie lys van die Letteren Fonds weggelaat.
- 7 Reeds in hierdie roman tref die leser verwysings na Tsafendas en die dood van Verwoerd aan (*kyk* Van Coller, 2001: 142).
- 8 Van Coller (2001: 146) self (oor)interpreteer Van Woerden se opmerking van ’n skisofreniese toestand as “tussenposisie” foutiewelik as ’n “gespletenheid van persoonlikheid” (wat in die sielkunde bekendstaan as meervoudige persoonlikheidsverteuring, *nie* ’n sinoniem

Met dank aan Ryk Hatting en Tienie du Plessis vir die waardevolle insae wat hulle gelewer het tydens die navorsingsfase en

skryf van hierdie artikel, en aan Hendrik Botha wat die grafsteen vir Tsafendas geborg het.

Aangehaalde werke

- Adams, Zuleiga. 2011. Demitrios Tsafendas: Race, Madness and the Archive. Ongepubliseerde PhD-studie, Kaapstad: Universiteit van die Wes-Kaap.
- Anstey, Gillian. 2001. Winners named at our book bash. *Sunday Times*, 19 August: 1.
- Baines, Gary. 2009. Two Hills and Three Walls of Remembrance. The Archival Platform, besoek op 14 Julie 2014 by: http://www.archivalplatform.org/images/resources/Baines_2009.pdf
- Barnard, Riana. 2000. Wanneer vertaling 'n verleentheid word. *Insig*, Maart: 43.
- Bezuidenhout, C. & Collins, C.R. 2007. Implications of delusional disorders and criminal behaviour for criminology. *Acta Criminologica* 20(3): 87–99.
- Biberauer, Theresa. 2000. In search of the real Tsafendas. *The Sunday Independent*, 18 June: 13.
- Black, Joel. 1991. *The Aesthetics of Murder: A Study in Romantic Literature and Contemporary Culture*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Boshoff, Annatjie. 1974. *Sekretaresse vir die Verwoerds: Dankbare Herinneringe*. Kaapstad: Human & Rosseau.
- Boshoff, Annatjie. 1993. *Betsie Verwoerd, die vrou*. Orania: Afrikanervolkswag.
- Botha, Jan. 1967. *Verwoerd is dead*. London: Books of Africa.
- Brink, André. 2000a. The sad life and mad times of Tsafendas. *Sunday Times*, 7 May: 24.
- Brown, Duncan & Krog, Antjie. 2011. Creative non-fiction: a conversation.
- Current Writing: Text and Reception in Southern Africa* 23(1): 57–70.
- Buccus, Imraan. 2013. SA cannot flourish in violent culture. *The Mercury*, 5 April, besoek op 24 Julie by: <http://www.iol.co.za/mercury/sa-cannot-flourish-in-violent-culture-1.1496070>
- Bullock, James. 2013. Why are political killings increasing in South Africa? *Thinking Africa Press*, 21 October, besoek op 13 Julie 2014 by: <http://thinkafricapress.com/south-africa/political-violence-south-africa-growing-pains-democracy-or-adolescence-anc>
- Burbidge, Matthew. 2000. The worm turns. *Mail & Guardian*, 3–9 November: 5.
- Cillié, P.J. 1980. *Tydgenote*. Kaapstad: Tafelberg.
- Clogg, Richard. (ed.). 1999. *The Greek Diaspora in the Twentieth Century*. London: McMillan Press.
- Cooper, Wilfird. [datum nie bekend.]. A quest for Mimis. *Oulitnet*, besoek op 13 Julie 2014 by: <http://www.oulitnet.co.za/seminarroom/mimis.asp>
- Crowd, Noel & Revo, Graaf. 1967. *Wat skuil agter sluipmoord?* Lynnwood: Boemerang Publikasies.
- Crwys-Williams, Jennifer. (ed.). 1989. *South African Despatches: Two Centuries of the Best in South African Journalism*. Johannesburg: Ashanti.
- De Kock, Eugene. 1996. *A Long Night's Damage: Working for the Apartheid State*. Johannesburg: Contra.
- Dolly, Caryn. 2012. New claims made about who killed Robert Smit. *Cape Times*,

- Nov. 22, besoek op 13 Julie 2014
by: <http://www.iol.co.za/capetimes/palazzolo-files/new-claims-made-about-who-killed-robert-smit-1.1428897>
- Dorsman, Robert. [datum nie bekend.].
Henk van Woerden: *Een mond vol glas*. Oulitnet, besoek op 13 Julie by: <http://www.oulitnet.co.za/vholland/hvwoerden.asp>
- Elsdon, Alan D. 2009. *The Tall Assassin: The Darkest Political Murders of the Old South Africa*. Cape Town: Umuzi.
- Ester, Hans; Van der Merwe, Chris & Mulder, Ety. (reds.). 2012. *Woordeloos tot verhaal*. Stellenbosch: Sun Press.
- Gaylard, Gerald. 2011. *Marginal Spaces: Reading Ivan Vladislavić*. Johannesburg: Wits University Press.
- Geyser, O. (samest.) 1972. *Dr HF Verwoerd – die Republikein: Hoofartikels uit Die Transvaler 1937–1948*. Kaapstad: Tafelberg.
- Gobodo-Madikizela, Pumla. 2003. *A Human Being Died that Night: A Story of Forgiveness*. Claremont: David Philip.
- Graybill, Lyn S. 2002. *Truth & Reconciliation in South Africa: Miracle or Model?* London: Lynne Rienner Publishers.
- Grobbelaar, Pieter W. 1966. *Man van die volk: Gedenkalbum H.F. Verwoerd*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Groenink, Evelyn. 2012. Dulcie September and the non-existent ‘death squads in Europe’. *Writing Africa*, 6 August, besoek op 1 Julie 2014 by: <http://evelyngroenink.wordpress.com/2012/08/06/dulcie-september-and-the-non-existent-death-squads-in-europe/>
- Hattingh, C. (samest.). 1967. *Hy was groot en gelief: Roudienspreke by die afsterwe van Dr. H.F. Verwoerd*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Hefer, N.F. & Basson, G.C. 1996. *Verwoerd: Fotobiografie, 1901–1966*. Johannesburg: Die Transvaler Boekhandel.
- Hepple, Alexander. 1967. *Political Leaders of the Twentieth Century: Verwoerd*. Middlesex: Penguin Books.
- Hirson, Denis. 2004. *I remember King Kong (The Boxer)*. Johannesburg: Jacana.
- Hirson, Denis. 2011. *The Dancing and the Death on Lemon Street*. Johannesburg: Jacana.
- Hoctor, Shannon. 2011. Tracing the origins of the defence of non-pathological incapacity in South African criminal law. *Fundamina* 17(2): 70–82.
- Hopler, Jay. (ed.). 1996. *The Killing Spirit: An Anthology of Assassins*. Edinburgh: Canongate Books.
- Hough, Barrie. 2000. Boek vol pyn oor Tsafendas se lewe. *Rapport*, 11 Junie: 17.
- Isaacson, Maureen. 2000. Chaotic life of a boisterous multilinguist and assassin. *The Sunday Independent*, 22 October: 18.
- Kakaza, Luvuyo. 2001. In the footsteps of an assassin. *Sowetan Sunday World*, 16 December: 3.
- Key, Liza. 1999. [film] *A Question of madness: The furious*. New York: Keys Films.
- Keyser, Gawie. 1998. Feiteroman verskyn oor moord op Verwoerd. *Die Burger*, 25 November: 14.
- Keyser, Gawie. 1999. Net ’n dolksteek ver. *De Kat*, 22 Junie: 32.
- Krueger, Anton Robert. 2003. *Living in strange lands: The Testimony of Dimitri Tsafendas*. New York: PlayScripts, Inc.

- Nederlands Letterenfonds. Henk van Woerden: Translations, besoek op 20 Julie 2014 by: <http://www.letterenfonds.nl/en/translation/3978/el-asesino>
- Mandela, Nelson. 1995. *Long Walk to Freedom*. London: Abacus.
- Mantzaris, E.A. 1999. The Greek South Africa. In: Clogg, Richard. *The Greek Diaspora in the Twentieth Century*. London: McMillan Press: 120–136.
- Marais, Jaap. 1992. *Die era van Verwoerd*. Pretoria: Aktuele Publikasies.
- Marais, J.A. (Jaap). 1994. *Founders of the New South Africa*. Pretoria: HNP.
- Marais, Jaap. 2000a. Linkse Nederlander en Afrikaanse vertaalster wil Verwoerd die misdadiger en Tsafendas die slagoffer maak (Deel 1). *Afrikaner*, 5–11 Mei: 7 & 12.
- Marais, Jaap. 2000b. Linkse Nederlander en Afrikaanse vertaalster wil Verwoerd die misdadiger en Tsafendas die slagoffer maak (Deel 1). *Afrikaner*, 12–18 Mei: 7 & 12.
- Marsh, Rob. 1991. *Famous South African Crimes*. Cape Town: Struik Timmins.
- Meyer, Stephan. 2002. 'the only truth stands skinned in sound'. *Scrutiny2: Issues in English Studies in Southern Africa* 7(2): 3–18.
- Mitchell, James. 2000. Driven to madness by life of rejection. *The Star*, 16 October: 12.
- Morris, Michael. 2000. When madness and power converge. *Cape Argus*, 6 November: 10.
- NWU. 2012. Artist invite. *Reflective Conversations: Typography, Topography, Typology*. Project Brief.
- Odendaal, Bernard. 2007. *Onbedoelde land*. Kaapstad: Tafelberg.
- Oosthuizen, Adriaan; Kleyn, Leti & Slinger, Dawid. 2013. *Briewe uit die Tankwa*. Pretoria: Lapa Uitgewers.
- Pakendorf, Harald. [datum nie bekend.]. Die vermensliking van 'n sluipmoordenaar. Die blootlê van 'n onmenslikende stelsel. *Oulitnet*, besoek op 13 Julie 2014 by: <http://www.oulitnet.co.za/seminaar/domein>
- Pauw, Jacques. 2014. Waarom Prime Evil moet uitkom. *Rapport-Weekliks*, 13 Julie: 8–9.
- Pike, H.R. 1985. *A History of Communism in South Africa*. Germiston: Christian Mission International.
- Posel, Debra. The Assassination of Hendrik Verwoerd: The spectre of apartheid's corpse. *African Studies* 68(3): 331–350.
- Quinn, Edward. 2004. *History in Literature: A Reader's Guide to 20th-Century History and the Literature it Inspired*. New York: Checkmark Books.
- Randall, Peter. 2000. Assignment with fate. *Financial Mail*. 24 November: 141.
- Robins, Jon. 2000. The assassin and the tapeworm. *New Statesman*, 27 March: 29–30.
- Rosenthal, Jane. 2002. Blowing in from the north. *Mail & Guardian*, 21 March: 1.
- Rossouw, Henk. 2001. A Mouthful of Glass. *Leadership SA*. 31 January: 79.
- Scheepers Strydom, C.J. 1967. *Black and White Africans: A Factual Account of South African Race Policies in the Verwoerd Era*. Cape Town: Tafelberg.
- Schoeman, B.M. 1975. *Die Sluipmoord op dr. Verwoerd*. Pretoria: Strydpers Bpk.
- Scholtz, G.D. 1974. *Dr Hendrik Frensch Verwoerd 1901–1966*. Tweede band. Johannesburg: Perskor-uitgewery.

- Scholtz, J.J.J. 1967. *Die moord op Dr. Verwoerd*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Shaw, Bernard. 1934. *Prefaces by Bernard Shaw*. London: Constable and Company.
- Sher, Anthony. 1995. *Cheap Lives*. London: Little, Brown and Company.
- Sher, Anthony. 2003. *I.D.* London: Almeida Theatre.
- Sifakis, Carl. 1993. *Encyclopaedia of Assassinations*. London: Headline Book Publishing.
- Smith, Janet & Tromp, Beauregard. 2009. *Hani: A Life to Short*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.
- South African History Online. 2014a. State-sponsored Political Assassinations. *South African History Online*, besoek op 13 Julie 2014 by: <http://www.sahistory.org.za/article/state-sponsored-political-assassinations>
- South African History Online. 2014b. Abram Ramothibi Onkgopotse Tiro. *South African History Online*, besoek op 13 Julie 2014 by: <http://www.sahistory.org.za/people/abram-ramothibi-onkgopotse-tiro>
- South African History Online. 2014c. Ruth Heloise First. *South African History Online*, besoek op 13 Julie 2014 by: <http://www.sahistory.org.za/people/ruth-heloise-first>
- South African History Online. 2014d. Dulcie Evonne September. *South African History Online*, besoek op 13 Julie 2014 by: <http://www.sahistory.org.za/people/dulcie-evonne-september>
- South African History Online. 2014e. Advocate Anton Lubowski secretary-general of the SWAPO is assassinated. *South African History Online*, besoek op 13 Julie 2014 by: <http://www.sahistory.org.za/dated-event/advocate-anton-lubowski-secretary-general-swapo-assassinated>
- South African History Online. 2014f. Thembisile 'Chris' Hani. *South African History Online*, besoek op 13 Julie 2014 by: <http://www.sahistory.org.za/people/thembisile-chris-hani>
- Spanoudes, Nicos. 2004. Tsafendas: Reflections ... on the process of writing the biographical fragment 'Assassin – Dimitri Tsafendas'. *Botsotso* 13: 107–109.
- Standard Encyclopedia of South Africa. 1970. Assassination. *Standard Encyclopaedia of South Africa* Vol. 1 AAN–BAC: 571–578.
- Swanepoel, P.C. 2007. *Really Inside BOSS: A Tale of South Africa's Late Intelligence Service*. Derdepoortpark: P.C. Swanepoel.
- Thurman, Christopher. 2011. 'I take up my spade and I dig': Verwoerd, Tsafendas and the position of the writer in the early fiction of Ivan Vladislavić. In: Gaylard, Gerald. *Marginal Spaces: Reading Ivan Vladislavić*. Johannesburg: Wits University Press: 46–69.
- Van Coller, H.P. 2000. Lewe van Tsafendas knap beskryf. *Die Volksblad*, 27 Maart: 8.
- Van Coller, H.P. 2001. Proewe van 'n rekonstruksie: *Een mond vol glas* deur Henk van Woerden. *Literator* 22(1): 137–154.
- Van Coller, H.P. 2002. Antjie Krog se vertaling van Henk van Woerden se roman *Een mond vol glas*. *Literator* 23(2): 129–163.
- Van den Berg, Cilliers & Van Coller, H.P. 2012. Trauma-representasie in Henk van Woerden se *Een mond vol glas*. In: Ester, Hans; Van der Merwe, Chris

- & Mulder, Etty. (reds.). *Woordeloos tot verhaal*. Stellenbosch: Sun Press: 353–367.
- Van Eeden, Lydia. 2004. *Die verlore saak: outobiografiese vertellings*. Dainfern: Praag.
- Van Woerden, Henk. 2000. *Domein van glas*. Kaapstad: Queillerie.
- Van Woerden, Henk. 2000. *A Mouthful of Glass*. Jeppestown: Jonathan Ball Publishers.
- Van Wyk, Chris. 1996. *The Year of the Tapeworm*. Randburg: Ravan.
- Van Wyk, J.T. (voors.). 1966. *Verslag van die kommissie van ondersoek na die omstandighede van die dood van wyle sy edele dr. Hendrik Frensch Verwoerd*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Venter, L.S. 2000. Tsafendas storie nou roman. *Beeld*, 29 Mei: 15.
- Venter, Z. 2008. Preacher's murder remains a mystery. *IOL.co.za*, besoek op 13 Julie 2014 by: <http://www.iol.co.za/news/south-africa/preacher-s-murder-remains-a-mystery-1.423057?ot=inmsa>. ArticlePrintPageLayout.ot
- Visagie, Andries. 2001. "Ik de kameleon". Hibriditeit in Henk van Woerden se trilogie oor Suid-Afrika. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 9(2): 186–201.
- Vladislavić, Ivan. 1989. *Missing Persons*. Cape Town: David Philip.
- Wasserman, Herman. 2000. Boeiende verhaal uit doofpot gelig. *Die Burger*, 19 April: 15.
- Welz, Betty. 2000. Factitious takes on Tsafendas. *The Citizen*, 23 October: 12.
- Wicomb, Zoë. 1987. *You can't get lost in Cape Town*. London: Virago.
- Widle, Hedley. 2012. "In a country where you couldn't make this shit up?": Literary non-fiction in South Africa. *Safundi: The Journal of South African and American Studies* 13(1&2): 5–28.
- Winter, Gordon. 1981. *Inside BOSS: South Africa's Secret Police*. Middlesex: Penguin Books.
- Winterbach, Ingrid. 1999. *Buller se plan*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Wolf, Loammi. 2012. David Beresford Pratt: Die mens agter die sluipmoordpoging. *LitNet Akademies* 9(3): 743–804.
- Yende, Siswe Sama. 2011. Two suspects released in Mpumalanga political assassination case. *City Press*, 10 January, besoek op 24 Julie 2014 by <http://www.citypress.co.za/news/two-suspects-released-in-mpumalanga-political-assassination-case-20110110/>
- Zajas, Paweł. 2014a. *De (non)ethiek van non-fictie: Over Ryszard Kapuściński en Frank Westerman*. Ongepubliseerd.
- Zajas, Paweł. 2014b. *Die etiek (of nie) van nie-fiksie: Kantaantekening by Ryszard Kapuściński, Frank Westerman en Antjie Krog*. Ongepubliseerd.

Leti Kleyn behaal 'n PhD in Uitgewerswese. Sy werk as Bestuurder: Ooptoegangskennisnetwerke by die Universiteit van Pretoria.